# ADV. E.G. JANSEN SE LEIERSROL IN DIE NATALSE NASIONALE PARTY IN DIE TYDPERK 1915 - 1924

**P.J.J. Prinsloo**

*Departement Geskiedenis, Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900*

**The role played by Adv. E.G. Jansen as leader of the Natal National Party in the period 1915-1924**

The central theme of this article is the role played by Adv. Jansen, who emerged as a leading figure amongst the Afrikaner community in Natal, taking an active part in the establishment of the Natal National Party (N.P.) during the period 1915-1924.

From 1906 Jansen was one of a small group of Afrikaners who played a significant role in the Afrikaans-speaking community of Natal. His involvement dealt mainly with the advancement of an Afrikaner consciousness. He wanted Afrikaners to meet the English on an equal basis in what was, at the time, a very British-oriented community life in Natal.

This ideal caused Jansen to become involved in many Afrikaner organisations in Natal. As a prominent young Afrikaner leader his support for the N.P. was a significant breakthrough for the new party. His example persuaded others to join the N.P.

From 1916 Jansen was a member of the management committee of the Natal N.P. In die period until 1924 he promoted his public image as an able politician with a moderate and open-minded attitude and his unbounded diligence certainly helped the N.P. to establish itself in Natal. Proof of his leadership potential was his election as provincial leader of the Natal N.P. at its 6th annual congress in 1920.

This leading role as the champion of Afrikaner nationalism in Natal can best be assessed by a consideration of his broad objectives for the Natal N.P. in the period 1920-1924.

Die sentrale tema van hierdie artikel handel oor die rol wat adv. Jansen, as opkomende leiersfiguur in die geledere van die Natalse Afrikaanssprekendes, in die vestiging van die Natalse Nasionale Party (N.P.) in die tydperk 1915-1924, gespeel het.

Jansen was deel van 'n klein groepie Afrikaners wat sedert 1906 leiding in die Natalse Afrikanergeledere geneem het. Sy gemeenskapsbetrokkenheid het rondom die ontwikkeling van die Afrikaner se selfbewussyn gewentel. Hierdie groepie leiersfigure het daarna gestreef om vir die Afrikaner 'n gelykwaardige staanplek, naas die gevestigde Britse instellings, in die Natalse samelewing te skep.

Hierdie taak het veroorsaak dat Jansen by 'n groot verskeidenheid Afrikanerorganisasies in Natal betrokke geraak het. As jong leiersfiguur was sy steun aan die N.P. 'n belangrike aanwins vir hierdie nuwe party. Sy toetrede tot die N.P. kon lei tot die werwing van baie nuwe lede.

Jansen was sedert 1916 'n leiersfiguur in die hoofbestuur van die Natalse N.P. In die tydperk tot 1924 is sy openbare beeld deur die bekwame, openhartige, en gematigde wyse waarop hy die politiek in Natal bedryf het, versterk. Hy het alles in die stryd gewerp om die N.P. in Natal gevestig te kry. Sy leiersrol in die Natalse Afrikanerpolitiek is tydens die Natalse N.P. se sesde jaarkongres in 1920, met sy verkiesing as provinsiale leier, bevestig.

Hierdie leiersrol as voorste kampvegter vir Afrikanernasionalisme in Natal word duideliker as sy omvangryke doelwitprogram met die Natalse N.P., gedurende 1920-1924, in oënskou geneem.

## Inleiding

Hierdie artikel handel oor 'n periode in die geskiedenis van die Natalse Nasionale Party (N.P.) waarin die Party enersyds organisatories uitgebou en versterk is, en andersyds doelmatig in die breë Natalse gemeenskap bemark is ten einde die Party

se lae suksessyfer by die stembusse te verbeter.[1]

Adv. Jansen het as gebore en getoë Nataller vanaf 1915-1950, hoewel nie onafgebroke nie, 'n leidende rol in die geledere van die Natalse Nasionaliste gespeel.

Gedurende die periode van 1915-1924 het hy op 'n uitgebreide skaal sy dienste tot die beskikking van die Natalse N.P. gestel. Adv. Jansen het as opkomende leiersfiguur in Natalse Afrikanergeledere, as jeugdige Partyleier en bestuurder van Partyaangeleenthede, as invoerder van nuwe organisatoriese metodes en as spreekbuis van die Natalse Nasionaliste, 'n deurslaggewende rol gespeel om die Party in Natal gevestig te kry.

## E.G. Jansen as opkomende leiersfiguur in die geledere van die Natalse Afrikaanssprekendes: 'n oorsig tot 1915

Ernest George Jansen is op 7 Augustus 1881 op die plaas Strathearne in die distrik Dundee gebore. Sy vader, Adriaan Louis, was 'n gesiene boer wat ook as vrederegter en magistraat in sy distrik opgetree het. Ernest se moeder het Cornelia Carolina (geb. Wohlitz) geheet. Adriaan was Cornelia se derde eggenoot en Ernest was die vyfde oudste van nege kinders wat uit hierdie huwelik gebore is.[2]

In die yl bewoonde Noord-Natal het E.G. Jansen sy eerste skoolopleiding van sy vader ontvang. In hierdie Afrikaanssprekende gemeenskappe is kinders in plaasskole onderrig. Die behoefte om iemand te kry wat by hul plaasskool Engels kon onderrig, het daartoe gelei dat mej. Wilcox, 'n dame uit Engeland, se dienste as onderwyseres bekom is. Sy het vir twee jaar by die Jansens ingewoon en die jong Ernest só met hierdie taalmedium vertroud gemaak.[3]

Op aanbeveling van 'n inspekteur, Robert Russel, is Ernest in 1892 op elfjarige ouderdom na die dorpskool op Ladysmith gestuur waar hy by ds. H.F. Schoon ingewoon het.[4] Ernest het na drie jaar tot standerd VII gevorder. Gedurende die volgende twee jaar was hy die enigste Afrikaanssprekende skolier aan die Durban Boys' High School, terwyl mej. Wilcox en haar getroude suster 'n wakende oog oor hom gehou het.[5]

As begaafde jongseun is Ernest se bekwaamhede aan die groter skool se strawwer mededinging onderwerp. Op die skoolbanke het hy en 'n Barrett-seun om die eerste plek in hul klas gewedywer. Op die sportveld het Ernest aan die meeste van die sportsoorte deelgeneem. Hy het sokker gespeel, was 'n bouler vir die eerste krieketspan, by twee geleenthede die Victor Ludorum asook 'n knap Bisleyskut gewees.

Ernest het in 1897 die Cambridge Local Examination en die volgende jaar die matrikulasie-eksamen afgelê. Hy het hom hierna vir die "Exhibition" voorberei. Dit was 'n toets om vir 'n beurs aan 'n Engelse universiteit te kwalifiseer. Hierdie toets het met die Intermediêre Sertifikaateksamen van die Universiteit van Kaapstad saamgehang. Weens skarlakenkoors, die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog en die tydelike sluiting van hul skool, is Ernest vir 'n tydlank huis toe. In Augustus 1900 is hy terug skool toe en het in Desember die Intermediêre Sertikaateksamen geslaag.

---

Vir 'n vollediger uiteensetting van hierdie onderwerp kan die volgende werk geraadpleeg word: P.J.J. Prinsloo, *E.G. Jansen se rol in belang van die Afrikaners in Natal* (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1987), p. 35 e.v.

2. Instituut vir Eietydse Geskiedenis (hierna I.N.E.G.), U.O.V.S., Bloemfontein: E.G. Jansen-versameling, lêer 7: Brief Jansen aan D.F. du T. Malherbe, 16-8-1951; B. Cilliers, *Genealogieë van die Afrikaner families in Natal* (Pietermaritzburg, 1985), pp. 244, 654.
3. G.S. Nienaber, 'Ernst George Jansen, (Herdruk uit: *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962)*, p. 183; kyk ook I.N.E.G.: E.G. Jansen-versameling, lêer 51: Speech, Natal Teachers Conference, 23-7-1935.
4. I.N.E.G.: E.G. Jansen-versameling, lêer 56: Speech by His Excellency on the occasion of the opening of the swimmingbath at the Durban Boys' High School, 28-7-1951.
5. G.S. Nienaber, *op. cit.*, p. 183.

Ernest het as buitemuurse student vir 'n B.A.-graad aan die Universiteit van Kaapstad ingeskryf. Deur toegewyde studie, aanmoediging en hulp van sy eertydse Durbanse onderwysers, het hy in een jaar die B.A.-graad verwerf.

Hoewel Ernest na die voltooiing van sy B.A.-graad die beroepswêreld as 'n onderwyser betree het, het hy besluit om hom in die regte te bekwaam. In Mei 1902 het hy hom as 'n klerk by die firma van adv. K.H. Hathorn in Pietermaritzburg ingeskryf. Terwyl hy sy leertyd by Hathorn en Cameron uitgedien het, het hy deur buitemuurse studie in 1904 die L.L.B.-Preliminêr en in 1905 die L.L.B.-graad verwerf. Jansen is in 1906 toegelaat om as prokureur te praktiseer. In 1908 is hy tot die Balie toegelaat, waarna hy tot 1910 vir sy eie rekening as advokaat in Pietermaritzburg gepraktiseer het. Gedurende hierdie jaar het hy by H. Murray aangesluit en hulle prokueursfirma het as Murray en Jansen bekend gestaan. Hierdie vennootskap wat 'n uitgebreide praktyk behartig het, het tot 1917 geduur.[6]

Naas Jansen se veeleisende beroepsloopbaan as regsgeleerde, was hy een van 'n klein groepie Afrikaners wat sedert 1906 leiding in die Pietermaritzburgse Afrikaanssprekende gemeenskap geneem het. Jansen se gemeenskapsbetrokkenheid het in hoofsaak om een doel gesentreer. Dit was om die Afrikaner se selfbewussyn so te ontwikkel dat hulle deur die benutting van hul kultuurgoedere 'n gelykwaardige staanplek teenoor die diepgewortelde Britse tradisie in Natal kon inneem.[7]

In 'n ontboeseming het hy die milieu waarin hy geleef het en sy missie asook vertwyfeling om met die bogenoemde gemeenskapsbetrokkenheid voort te gaan, soos volg verwoord: "Ek is so magteloos om die vooroordeel van my stadgenote te bestrij, en om dag na dag in die onsimpatieke omgewing te bly, maak mij moedeloos. Om hierdie plek te verlaat sou dadelik deur ons vijande {d.i. Engelssprekendes} as 'n neerlaag vir ons beskouw word en wegloop wil ek nie. Is dit dan maar mij lot om mij hele lewe te slijt in 'n omgewing waar ek nie thuis is nie? Wat 'n diepe verlange is daar partymaal in die hart om in 'n Afrikaner omgewing te wees! En tog is dit of die oortuiging altijd bij mij is dat mij plig lê hier".[8]

Hierdie oorheersende posisie van Engels teenoor Hollands/Afrikaans in Natal het hierdie Afrikaners genoop om voor en na Uniewording onverpoos vir die gelykwaardige erkenning van hul taal te stry. In hierdie opsig was hulle deelgenote van 'n kulturele ontwaking wat na 1902 landwyd in Afrikanergeledere plaasgevind het. Dit is in hoofsaak deur Milnerisme en die doelbewuste verengelsingsbeleid geïnspireer. Hierdie kulturele oplewing is deur Afrikanerkultuurleiers, politici, skrywers, joernaliste en digters wat hul toevlug tot die taal, geskiedenis en godsdiens geneem het, gelei.[9]

In Natal het 'n ontluikende kulturele bewussyn vanuit Pietermaritzburg momentum gekry, hoewel slegs 'n geringe persentasie Afrikaners teen 1905 deel van die nagenoeg 18 000 blanke inwoners van die stad gevorm het.[10] Dit was veral *De Afrikaner,* die enigste Hollands/Afrikaanse dagblad in Natal, wat 'n uiters belangrike rol gespeel het om sy lesers se volksgevoel op te wek.[11] Jansen het by hierdie eerste tekens van 'n naoorlogse herontwaking in die Natalse Afrikanergeledere betrokke geraak.

Die eerste organisasie waarby Jansen op hierdie wyse betrokke geraak het, was die Natalse Boerevereniging. Op 17 Maart 1906 het die eerste naoorlogse bedrywighede van die Noord-Natalse Boereverenigings op die vorming van 'n gesamentlike organisasie, die herstigte Het Kongres, uitgeloop. Nouliks 'n maand na

---

6. P.J.J. Prinsloo, *op. cit.,* pp. 16-17.
7. G. Besselaar, *Sestig jaar belewenis van Dietse kultuur* (Pretoria, 1941), p. 53.
8. I.N.E.G.: E.G. Jansen-versameling, lêer 273: Persoonlike ontboeseming, 20-10-1919.
9. Vergelyk G.S. Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal* (Pretoria, 1933), p. 92 e.v.
10. Republiek van Suid-Afrika, Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika 1904-1960. Verslag no. 02-02-01* (Staatsdrukker, Pretoria, 1968), p. 168; vgl. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, *Bevolking van Suid-Afrika 1904-1970. Verslag no. 02-05-12* (Staatsdrukker, Pretoria, 1976), p. 105.
11. G.S. Nienaber, *Die Afrikaanse beweging, dl. I. Geskiedkundige oorsig* (Pretoria, 1931), p. 124; vergelyk *De Afrikaner,* 7-12-1905: Hoofartikel.

die herstigting van Het Kongres is Jansen deur A. von Levetzow (Vryheid) en P.J. Meyer (Babanango) by sy werkplek besoek. Hulle het hom versoek om 'n tak van die Boerevereniging in die hoofstad te stig. Kort na dié besoek het Jansen en 'n paar Afrikaners in 'n woonhuis vergader en voorlopige reëlings getref om 'n Boerevereniging te stig. C.J.A. Scheepers, wat naby Umlaasweg geboer het, sou die groepie op die eerste naoorlogse kongres in Mei 1906 verteenwoordig. Hierdie optrede het nie net Jansen se gemeenskapsbetrokkenheid ingelui nie, maar ook sy lang politieke loopbaan van stapel gestuur.[12]

Die Pietermaritzburgse Boerevereniging het op 30 Junie 1906 'n swak ondersteunde algemene vergadering in die huis van A. Bakker gehou. 'n Bestuur met Jansen as sekretaris is verkies en 'n reglement is goedgekeur. Hierdie Boereverenigingtak se doelwit was om die belange van die Afrikaners op politieke, maatskaplike en handelsgebied te bevorder. Nederlands was die voertaal van die vereniging.[13] Die reaksie van *De Afrikaner* oor dié stap was dat "de oude Boeren hoofstad, so lang opgegeven als verloren voor alle Hollands-Afrikaanse invloeden, het hoofd weder begint op te heffen en van zich laat horen".[14]

Vir die paar jaar van sy bestaan het hierdie Boerevereniging as 'n noodsaaklike belangegroep van die hoofstadse Afrikaners gedien, en as sodanig die grondslag vir georganiseerde optrede gelê. Dit het ook die jong E.G. Jansen, as sekretaris van dié groep, van meet af in kontak met sy gemeenskap en hul vraagstukke gebring.

Na slegs twee jaar se aktiewe meelewing op plaaslike vlak, het Jansen een van sewe manne geword wat die Natalse Boerekongres op provinsiale vlak moes lei.[15] Sy aktiewe meelewing in dié verband het hom as 'n sterk, knap, geleerde en opkomende politieke figuur in Natal geïdentifiseer. Hy het hom die identifikasie laat welgeval en is in die ontluikende politieke proses, wat na uniewording meer aanspraak op sy tyd sou maak, meegesleur.[16]

Jansen was ook sedert 1908 by die Natalse debatsverenigings betrokke. Hierdie verbintenis het tot gevolg gehad dat hy as een van die leidende Afrikaanse kultuur- en taalhandhawers in Natal ontpop het. Hy het op 29 Februarie 1908 die eerste voorsitter van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging geword.[17] Vir sewe en 'n halfjaar was hy die voorsitter en spil waarom hierdie vereniging gedraai het.[18]

Jansen was as meelewende Christen ook aktief by die aktiwiteite van die Ned. Geref. Gemeente van Pietermaritzburg betrokke. *De Kondschapper,* die eerste naoorlogse Hollandse tydskrif in Natal, het sedert Oktober 1908 vir vier jaar verskyn. Dit het onder redaksie van ds. G.M. Pellissier en Jansen gestaan. Hierdie twee vriende het ook later die redaksie van *De Bode,* 'n godsdienstige en geskiedkundige halfmaandelikse nuusblad, behartig.[19] Hy het ook as kategeet, orrelis, diaken, afgevaardigde na sinodes en lid van 'n interkerklike raad in die N.G.-Voortrekkergemeente gedien.[20]

Ten tye van 'n kerkraadsvergadering van hierdie gemeente wat op 19 Desember 1908 gehou is, is Jansen op 'n komitee benoem wat moes poog om die Geloftekerkie vir die Afrikanervolk terug te koop. As een van drie trustees het hy op die Voortrekkerkerkkommissie en die Voortrekkermuseumkomitee gedien. Die werksaamhede van die Voortrekkermuseumkomitee het sedert September 1909 verbreed, omdat die lede hulle vir 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers langs die Geloftekerkie beywer het. Hierdie ideaal, wat in die Voor-

---

12. E.G. Jansen, *Die Natalse Boerekongres 1906-1911* (Pietermaritzburg, 1940), pp. 1,3,5.
13. *De Afrikaner,* 2-7-1906: Hoofartikel, berig.
14. *De Afrikaner,* 2-7-1906: Hoofartikel.
15. *De Afrikaner,* 27-4-1908: Berig.
16. P.J.J. Prinsloo, *op. cit.,* pp. 39, 45-46.
17. *De Afrikaner,* 2-3-1908: Berig.
18. P.J.J. Prinsloo, *op. cit.,* p. 192 e.v.
19. P.J.J. Prinsloo, *op. cit.,* p. 152 e.v.; G.S. Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal,* p. 213; P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika* (Tweede Trek Reeks, no. xxv, Kaapstad, 1943), p. 79.
20. *De Afrikaner,* 8-5-1917, 15-5-1917, 23-4-1918: Berigte.

trekkermonument (te Pretoria) uitgeloop het, het vir Jansen as kultuurleier op nasionale vlak bekendheid verwerf.[21]

In 1909 was Jansen 'n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns wat hom as leidende Natalse taalhandhawer laat figureer het. Hy was byvoorbeeld 'n lid van die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie wat 'n taalgelykheidsprotesbeweging in die Natalse onderwys gevoer het.[22]

Jansen is ook in 1909 vir die vakante Melmoth-vakature vir die Natalse Volksraad aanbeveel. Hy het dit van die hand gewys, maar verklaar dat hy bereid was om later vir die Unievolksraad te staan.[23]

Hierdie omvangryke gemeenskapsbetrokkenheid van Jansen is na uniewording voortgesit. Op 20 Maart 1910 is hy op kultuurvlak as die eerste voorsitter van 'n Natalse Debatsunie vir Afrikaners verkies. Op politieke vlak was hy nog steeds die sekretaris van Het Kongres, wat gedurende Meimaand na De Natal Volksvereniging herdoop is. Jansen is ook versoek om hom vir die algemene verkiesing van Mei 1910, in die kiesafdeling Dundee, verkiesbaar te stel. Hy het ook hierdie aanbod van die hand gewys en verklaar dat hy vir 'n latere geleentheid sou wag, wanneer hy ryper aan kennis en ervaring is.[24]

Jansen se politieke betrokkenheid het meegebring dat hy op 23 Junie 1911, met die ontbinding van De Natal Volksvereniging, die sekretaris van 'n Sentrale Komitee geword het wat die Suid-Afrikaanse Party (S.A.P.) op provinsiale vlak moes organiseer. Hy is op 21 November 1911 op die Hoofkomitee van die S.A.P. verkies, en het tot 1915 die pos van provinsiale sekretaris van die S.A.P. in Natal beklee.[25]

Ten spyte van hierdie veeleisende openbare lewe, het sake rondom Jansen se persoonlike lewe ook nie stilgestaan nie. Mej. Martha Mabel Pellissier het in 1910 by die Girls Collegiate School in die Natalse hoofstad begin skoolhou. Op Dinsdagoggend, 20 Februarie 1912, het hierdie Afrikaanssprekende gemeenskap vir 'n wyle stilgestaan: "Zelden was ons eenvoudig Hollands kerkje met zulk een deftig publiek gevuld als op Dinsdag morgen. En geen wonder, want het was de huweliksdag van onze geachte Afrikaner, die zich reeds op zijn jeugdige leeftijd een voorname rang in de gelederen onzer Afrikaner natie heeft weten te verwerven, adv. Ernst (sic.) George Jansen en jongej. Mabel Pellissier ... De grote belangstellen, welke in dit voorname huwelik aan de dag gelegd werd, was een treffend bewijs van de achting, vriendschap en populariteit, die de heer en mevr. Jansen bij alle klassen onzer sameleving, van welke ras ook, genieten."[26]

**E.G. Jansen as leiersfiguur in die geledere van die Natalse Nasionale Party (N.P.)**

Adv. Jansen het sedert 1915 'n al hoe groter wordende rol in die Natalse Nasionale Partygeledere gespeel.[27]

Hoewel Jansen reeds in Mei 1915 verklaar het dat hy 'n N.P.-ondersteuner sou word en hom agter die skerms daarvoor begin beywer het, het hy nie hierdie party se Natalse stigtingskonferensie op 17 Junie of die eerste kongres op 19 Augustus bygewoon nie. Hy is ook nie in die eerste Sentrale Bestuur van die Natalse Nasionale Party opgeneem nie.[28]

---

21. P.J.J. Prinsloo, *op. cit.*, pp. 330, 357 e.v.
22. P.J.J. Prinsloo, *op. cit.*, pp. 212, 224 e.v.; *De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst: Jaarboek I, 1910* (Pretoria, 1911), p. 17.
23. *De Afrikaner*, 24-6-1909, 5-7-1909: Berigte.
24. P.J.J. Prinsloo, *op. cit.*, pp. 44, 46, 246.
25. P.J.J. Prinsloo, *op. cit.*, p. 47.
26. *De Afrikaner*, 22-2-1912: Berig. Vgl. I.N.E.G.: Klankargief, kassette 4,5: Onderhoud, mev. M.M. Jansen, 1969.
27. A.J. van Wyk, 'E.G. Jansen en die verkiesing van 1915', *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, November 1974, pp. 80-81; vergelyk P.J.J. Prinsloo, *op. cit.*, p. 65 e.v.
28. I.N.E.G.: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/1: Notules van kongressittings, 17-6-1915, 19-8-1915; *De Afrikaner*, 4-6-1915, 18-6-1915, 22-6-1915, 24-8-1915: Berigte; A.J. van Wyk, 'E.G. Jansen en die verkiesing van 1915', *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, November 1974, pp. 80-81.

Intussen het die naderkomende 1915-verkiesing, asook die feit dat die Greytownse Nasionaliste vir Jansen as kandidaat in hul kiesafdeling aangewys het, sy politieke opsies op die spits gedryf. Jansen het in sy manifes wat hierna uitgereik is, sy politieke oortuigings vollediger gemotiveer. Vir hom sou genl. Botha se beleidsrigting lei tot die "absorption of the Dutch-speaking race by the English race, and there is no Africaner worth his salt who can contemplate that prospect with equanimity. My firm conviction is that there cannot possibly be any true union of the two races unless both stand on an absolutely equal footing. That equality is lacking in many respects and for that reason all Genl. Botha's attempts in that direction are, in my humble opinion, doomed to failure ...".[29]

As jong leiersfiguur in die Natalse Afrikanergeledere was sy steun aan die Nasionaliste 'n belangrike deurbraak vir die nuwe party.[30] Vir die Engelstalige pers het hy hom, na hierdie politieke besluit, in die geledere van die "politieke gekke" bevind.[31] Ten spyte van sy neerlaag met 143 stemme in die 1915-verkiesing, het hy in der waarheid in 'n gekunstelde spreekbuis vir die setellose N.P. in Natal ontwikkel.[32]

Jansen is tydens die tweede kongres van die Natalse N.P. in April 1916 as een van die veertien Sentrale Bestuurslede verkies. A.T. Spies is as die nuwe voorsitter en J.J. van Schalkwyk as die nuwe sekretaris verkies. Jansen, Spies en J.J. Muller - die vorige voorsitter - is ook as die Natalse verteenwoordigers op die eerste Federale Raad van die N.P. verkies.[33]

Die Natalse Nasionaliste het vanaf hul Party se stigting voordurend pogings aangewend om 'n blywende spreekbuis vir hul werksaamhede te bekom. Tydens hul eerste kongres in Augustus 1915 is alreeds gedagtes gewissel om die aandeel van die Herschensohnnfamilie in die Afrikaner Drukkery te bekom, omdat *De Afrikaner* S.A.P.-gesind was. Hierdie redaksionele ondersteuning vir die S.A.P., tesame met ander faktore soos die gebrek aan voldoende bedryfskapitaal, 'n klein leserskorps en die Afrikaner se swak leesgewoontes wat die winsgewendheid van hierdie koerant aan bande gelê het, het beperkend op die oornamepogings van *De Afrikaner* ingewerk.[34]

Die Sentrale Bestuur was gedurende 1916 verdeeld oor die beleid wat teenoor *De Afrikaner* toegepas moes word. *De Afrikaner* was op sy beurt ook nie te vinde vir 'n hegter bondgenootskap met die Natalse N.P. nie. Die Nasionaliste het inderdaad tydens die tweede N.P.-kongres op 25 April 1916 besluit om *Die Burger* as hul amptelike mondstuk aan te neem.[35]

Die Sentrale Bestuur het egter hul ondersoek na 'n eie nuusblad voortgesit. Op 13 September 1917 het Jansen en F.W. van Reenen die Afrikaner Drukkery Beperk, namens die Natalse N.P., by die Herschensohnnfamilie gekoop. Op hierdie wyse het *De Afrikaner* die amptelike mondstuk van die Natalse N.P. geword. Hierdie oorname is tydens die derde kongres, gedurende Oktober 1917, bekragtig.

Ten tye van die bestuursverkiesing op hierdie derde kongres, is Jansen, P.R. Vermaak en A.T. Spies vir die voorsitterskap van die Sentrale Bestuur genomineer. Jansen het gevra dat sy nominasie teruggetrek word en Spies is herkies. Die teen-

---

29. *The Greytown Gazette*, 20-8-1915: Political manifest; vergelyk ook *The Greytown Gazette*, 13-8-1915: Report.
30. F.J. van Heerden, 'Die geboorte van die Nasionale Party 1913-1915', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party, dl. 1. Agtergrond, stigting en konsolidasie* (Kaapstad, 1975), pp. 178, 180; A.J. van Wyk, *Die Nasionale Party in Natal. Stigting en eerste verkiesing* (Johannesburg, 1981), pp. 85-86.
31. Vergelyk *The Greytown Gazette*, 19-9-1913: Editorial.
32. *The Greytown Gazette*, 3-9-1915, 22-10-1915: Report; *The Natal Witness*, 16-10-1915: Report.
33. I.N.E.G.: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1: Notule van kongressitting, 25-4-1916; en lêer 11/2/2/1/1: Naamlys van die Sentrale Bestuur, 25-4-1916; *De Afrikaner*, 28-4-1916, 8-12-1916: Berigte.
34. I.N.E.G.: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/1: Notule van kongressitting, 19-8-1915; vergelyk *Die Natalse Afrikaner*, 1-3-1945: Hoofartikel.
35. I.N.E.G.: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1: Notules van Sentrale Bestuur, 18-1-1916, 4-4-1916; Notule van kongressitting, 25-4-1916; *De Afrikaner*, 4-1-1916: Hoofartikel.

woordigheid van 48 afgevaardigdes was vir die Nasionaliste 'n teken dat hul party in Natal op vaste voet begin staan het.[36]

Dit was nie net op politieke vlak waar Jansen sy merk op kongresse gemaak het nie. Op kultuurvlak het hy ook rigtinggewende werk gedoen. In 1917 het hy weer die leisels van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging oorgeneem en as voorsitter die amalgamasie van hierdie verenigings in Natal deurgevoer. Op 24 Mei 1917 het Jansen as voorsitter van die stigtingskongres van die Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge 'n werksmotto voorgehou wat ook in sy politieke werksaamhede waarneembaar is: "Als ons iets goeds tot stand wil breng, dames en here, dan moet ons werk! En als ons nie gewillig is om te werk en opofferinge te doen, dan is dit verniet dat ons Kongresse hou en fraaie besluite neem. Wanneer die kongres agter die rug is, moet ons nie gaan stil sit in loutere bewondering van ons eie werk en die mooie besluite wat ons hier mag neem, maar laat elkeen van ons hom voorneem om te doen wat hij kan vir Kerk en Volk en Taal in sy eie omgewing. Laat ons hoge ideale koester in ons volk en vir onsself en laat ons deurdronge wees met die oortuiging dat hoe harder en swaarder ons werk vir 'n saak des te meer sal ons dit waardeer, en dat geld ook ons vereniginge en ons kerk."[37]

Die volgende dag is Jansen as eerste voorsitter van die Saamwerk-Unie verkies. Hy het die kongresgangers onder applous bedank vir die eer en vertroue wat hulle in hom gestel het. Met hierdie nuwe voorsitterskap is Jansen se kulturele leierskap in Natalse Afrikanergeledere bevestig.[38]

Jansen het op 30 Januarie 1918 onderhandelings aangeknoop met die oog op die stigting van 'n maatskappy, wat namens die Natalse N.P. die beherende aandeel in die Afrikaner Drukkery sou besit. Hy het ook met Nasionale Pers onderhandel om die Afrikaner Drukkery oor te neem. Die resultaat van samesprekings wat hy op 19 September 1918 met hierdie persgroep gevoer het, was dat hulle die Afrikaner Drukkery vir 3 500 pond sou koop.[39] Die vierde jaarkongres van die Natalse N.P. het op 1 Oktober 1918 goedkeuring aan die voorgestelde kooptransaksie verleen. Die kongres het ook besluit om 1 010 pond se aandele te waarborg soos deur Nasionale Pers versoek is. Ten tye van die kongressitting is geleentheid aan afgevaardigdes gegee om aandele te koop. Die kongres het ook besluit dat die Sentrale Bestuur jaarliks drie lede moes benoem, wat as Kommissie van Toesig oor *De Afrikaner* die Party se belange moes behartig. Die eerste lede van hierdie kommissie het uit Jansen, E. van Rooyen en A.I.J. Nel bestaan. Hierdie oorname van die Afrikaner Drukkery deur Nasionale Pers is eers op 15 November 1918 in 'n prospektus bekend gemaak. Nasionale Pers het na hierdie datum telkens vir aandeelhouers gevra en ook by die Natalse N.P. vir geldelike en morele steun aangeklop. Jansen was ook lid van Nasionale Pers se Advieskomitee vir Natal, wat na die oorname van die koerant in die lewe geroep is om hul belange te beskerm.[40]

Hoewel Jansen se naam nie op die presensielys van die vierde Partykongres van 1 Oktober 1918 voorkom nie, is hy op die Sentrale Bestuur van ses man herkies. Jansen, Muller en Spies (die herkose voorsitter) is ook as lede van die Federale Raad herkies. Hulle is ook as Kommissie verkies om die Nasionaliste se sogenaamde onafhanklikheidsverklaring vir die Britse Koning, saam met Kommissies van die ander provinsies op te stel. Hierdie Kommissiewerksaamhede het die Vryheidsdeputasie voorafgegaan.

Die teenwoordigheid van genl. Hertzog en sy vertolking van die leerstellinge van nasionalisme het die geesdrif en besieling van die Natalse Nasionaliste tydens hierdie

---

36. I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/1: Notule van Sentrale Bestuur en kongressitting, 3-10-1917; *De Afrikaner,* 5-10-1917: Berig.
37. *De Afrikaner,* 25-5-1917: Berig.
38. *De Afrikaner,* 29-5-1917: Berig.
39. *De Afrikaner,* 18-1-1918, 1-2-1918: Plaaslike Varia.
40. I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/2: Notule van kongressitting, 1-10-1918; *De Afrikaner,* 15-11-1918: Prospektus van De Nasionale Pers Beperkt; vergelyk I.N.E.G: E.G.Jansen-versameling, lêer 88: Brief W.A. Hofmeyr aan Jansen, 16-3-1925.

bogenoemde kongres verhoog en verbeter.[41]
Dit is asof die Natalse Afrikaner vir die eerste keer besef het dat hul aksies ten behoewe van die onbelemmerde vryheid van ontwikkeling op kultuur-, taal-, godsdiens-, ekonomiese- en elke ander gebied, die praktiese toepassing van die leerstellings van nasionalisme was. *De Afrikaner* het sy lesers met hernieude selfbewussyn verseker dat die leer van nasionalisme, wat nog altyd 'n sluimerende hartstog in hul volksiel was, na hierdie kongres te Vryheid die praktiese politieke doelwit van alle Afrikaanssprekendes in Natal sou word. Die Natalse Afrikaners is deur hierdie besoek van Hertzog ook nouer by die breër doelstellings van die Nasionale Party betrek.[42]
Hierdie nuwe gees en gesindheid in die geledere van die Natalse Nasionaliste, het ook Jansen se politieke loopbaan beïnvloed. Sy deelname aan die Nasionaliste se Vryheidsdeputasie was inderdaad vir sy politieke loopbaan van deurslaggewende belang. Die wyse waarop hy die Natalse Nasionaliste oor die sake van die Vryheidsdeputasie ingelig het, het hom as politieke kenner en openbare redenaar na vore laat tree. Sy openbare beeld is ook deur die openhartige en gematigde wyse waarop hy die politiek in Natal bedryf het, versterk.[43]
Hierdie beeld is eweneens deur sy optrede tydens die vyfde jaarkongres van die Natalse N.P. in November 1919 versterk. Ten tye van die bestuursverkiesing is Jansen en J.J. Muller vir die provinsiale voorsitterskap genomineer. Jansen het verklaar dat die Party voldoende vertroue in Spies gehad het, om hom minstens nog 'n jaar as voorsitter te laat dien. In die lig van hierdie opmerking is Spies herkies.
Jansen het ook op 'n bekwame wyse die Natalse Nasionale Party se eerste program van aksie in konsepvorm aan die kongreslede voorgehou. Hy het ook as lid van die Kommissie van Toesig oor *Die Afrikaner,* verslag oor die werksaamhede van die partymondstuk gelewer. Volgens hom het daar alle rede vir tevredenheid bestaan, gesien die vooruitgang van *Die Afrikaner* sedert dit deur die Nasionale Pers oorgeneem is.[44]
Ten spyte van dié omvangryke leiersrol in die Natalse Afrikaanssprekende gemeenskap het die onsekerheid oor sy loopbaan hom opgekeil. Hy het in 'n gees van vertwyfeling dit selfs oorweeg om hom te onttrek aan die volksdiens wat hy gelewer het en hom op sy loopbaan as regsgeleerde toe te spits. Sy besluit is bemoeilik deur die wete dat die Natallers vertroue in hom gehad het en na hom opgesien het.[45]
Dit was waarskynlik die persoonlike kontak wat hy gedurende die sewe maande met die leidende Afrikanerpolitici van die Vryheidsdeputasie gehad het, wat hom finaal op 'n politieke loopbaan laat besluit het. Sedert Desember 1919 het hy hom onherroeplik op 'n politieke loopbaan begin voorberei.
Gedurende hierdie maand het hy die redakteur van *Die Afrikaner* geword, wat as sodanig in diens van die realisering van sy politieke loopbaan gestaan het. Jansen het die redakteurskap by John Ferreira oorgeneem, terwyl Ferreira na die uitbreiding van die drukkery sou omsien. Ferreira het in sy laaste hoofartikel soos volg van sy opvolger getuig: "Als redakteur handigen wij met de grootste verwachtingen en het volste vertrouwen de pen van '*De Afrikaner*' aan Advokaat Jansen over, wetende, dat de Nationale Pers de diensten van 'n man - hoewel geen joernalist - tog van bekwame (vooral politieke) beleid rijker geworden is."[46] In die lig van hierdie ontwik-

41. I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/2: Notule van kongressitting, 1-10-1918; *De Afrikaner, 4-10-1918: Notule van kongressitting.*
42. *De Afrikaner,* 8-10-1918: Hoofartikel en berig.
43. *Die Afrikaner,* 11-2-1919, 21-10-1919, 4 en 14-11-1919: Hoofartikel en berigte; Die lidwoord *De* is op 17-1-1919 deur *Die* vervang; *The Greytown Gazette,* 7-11-1919: Report; *The Ladysmith Gazette,* 15-11-1919: Report.
44. I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/2: Notule van kongressitting, 26-11-1919; *Die Afrikaner,* 28-11-1919, 2 en 5-12-1919: Berigte.
45. I.N.E.G: E.G. Jansen-versameling, lêer 273.21: Handgeskrewe stuk deur Jansen, 20-19-1919; kyk ook A.J. van Wyk, 'E.G. Jansen en die verkiesing van 1915', *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 6, November 1974, pp. 86-87.
46. *Die Afrikaner,* 28-11-1919: Hoofartikel.

keling het Jansen hom van die Kommissie van Toesig oor die blad onttrek en Spies in sy plek aangewys.[47]

Nouliks 'n maand nadat Jansen die redakteurskap oorgeneem het, het hy hom bereid verklaar om in die 1920-verkiesing die Vryheidse setel te beveg.[48] Hy het onmiddellik met 'n verkiesingsveldtog begin en met hierdie mondstuk van die Natalse N.P. tot sy beskikking die dringendheid van vroegtydige organisasie beklemtoon. Dit was asof hy die Natallers se traagheid om polities aktief te raak, hinderlik gevind het. Hy het gekla dat hulle veels te min bedrywig was.[49]

Die uitslag van die 1920-verkiesing was vir die Natalse Nasionaliste teleurstellend.[50] Hoewel nie een van die ses N.P.-kandidate op 10 Maart die pyp kon rook nie, het Jansen die meeste stemme op hom verenig en met die kleinste minderheid verloor.[51] Dit was waarskynlik die invloed wat die sg. naturellevraagstuk op hierdie verkiesing gehad het, wat veroorsaak het dat Jansen in Vryheid met 81 stemme teen genl. J. Cheere Emmett (S.A.P.) verloor het. Die gekombineerde stemkrag van die Arbeiders-, Unioniste-, en Suid-Afrikaanse Partylede het die Nasionaliste in Vryheid getroef.[52] Jansen het ook nie al sy beloofde steun by die stembus ontvang nie. Die vermoede het bestaan dat baie Nasionaliste nie gestem het nie. Jansen het om hierdie bogenoemde redes die Afrikaners se gebrek aan belangstelling in hierdie afgelope verkiesing betreur.[53]

Na die verkiesing het Jansen se politieke bedrywighede hoopvol voortgegaan. Hy het alles in die stryd gewerp om die N.P. in Natal gevestig te kry.

Kort na afloop van hierdie verkiesing het *Die Afrikaner* Nasionaliste aangemoedig om alle stemgeregtigde persone te registreer, sodat die party in 'n volgende verkiesing alle moontlik stemme kon bekom.[54] Hierdie verskerpte organisatoriese aanslag op die Natalse kiesers word ook deur 'n besluit van die Sentrale Bestuur weerspieël. Tydens die bestuursvergadering van 26 Mei 1920 is Jansen versoek om vir een jaar as organiserende sekretaris van die Natalse N.P. te ageer. Hierdie aanbod het hy blykbaar nie aanvaar nie.[55]

Gedurende die Augustusvergadering van die Sentrale Bestuur te Glencoe het Jansen en sy mede bestuurslede die hernieude herenigingspogings bespreek, wat in daardie stadium weer onder Afrikaanssprekendes aandag geniet het.[56] Dié drang en hoop op hereniging van nasionaalgesindes is sedert die 1912-breuk in Afrikanergeledere en die stigting van die Nasionale Party in 1914 telkemale op kongresse en vergaderings bespreek. Die 1920-verkiesingsuitslag het veroorsaak dat daar gedurende Maart opnuut koalisiepogings en sedert April hoofvolle herenigingsvergaderings plaasgevind het. Samesprekings tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party oor hereniging is in April, Mei en September 1920 gehou. Dit was veral die sogenaamde Afrikaner Herenigingskongres wat op 22 September 1920 in Bloemfontein gehou sou word, wat 'n sterk herenigingsgees by die publiek aangewakker het.[57]

Hoewel die Sentrale Bestuur van die Natalse N.P. nie tydens hulle Augustusvergadering 'n herenigingskomitee vir Natal in die lewe geroep het nie, het Jansen die saak gepropageer ten einde 'n beter verstandhouding tussen die N.P. en S.A.P. tot

---

47. *Die Afrikaner,* 28-11-1919, 5-12-1919: Hoofartikel en berigte.
48. *Die Afrikaner,* 6-1-1920: Hoofartikel.
49. *Die Afrikaner,* 6, 13, 16, 20 en 30-1-1920; 3, 6, 13, 17, 20 en 24-2-1920: Berigte en hoofartikels.
50. *Die Afrikaner,* 16-3-1920: Brief E.G. Jansen.
51. *Die Afrikaner,* 20-2-1920; 5 en 12-3-1920: Berigte; *The Natal Witness,* 12-3-1920: Report.
52. *Die Afrikaner,* 12 en 16-3-1920: Hoofartikels.
53. *Die Afrikaner,* 16-3-1920: Hoofartikel.
54. *Die Afrikaner,* 16-4-1920: Berig.
55. I.N.E.G.: E.G. Jansen-versameling, lêer 1/3/2/2/1/2: Notule van Sentrale bestuur, 26-5-1920; *Die Afrikaner,* 28-5-1920: Berig.
56. *Die Afrikaner,* 13-8-1920: Berig; vgl. C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog* (Johannesburg, 1944), p. 437 e.v.
57. D.J.J. Coetzee, 'Mislukte herenigingspogings tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party I* (Kaapstad, 1975), p. 383 e.v.

stand te bring.[58] Die Herenigingskongres van 22 September 1920 te Bloemfontein is deur 'n Uniale biddag voorafgegaan. Alle gemeentes van die Natalse Ned. Geref. Kerk moes byvoorbeeld die voorafgaande Sondag in gebed verenig vir die Afrikanervolk se hereniging.[59] In dieselfde erns as waarmee die kerke hierdie poging bejeën het, het Jansen die Engelstaliges se vrese vir moontlike rassehaat en Afrikaneroorheersing in hereniging teëgespreek.

Hereniging was vir hom nie 'n wraakveldtog teen die jingo's nie, maar die stryd van die Afrikaanssprekendes om hul regte te handhaaf. Dit was veral die Nasionaliste se onafhanklikheidsideaal wat Jansen ook met nadruk beklemtoon het, wat volgens hom die versugting vir hereniging benadeel het.[60] Na sy terugkeer van Bloemfontein (waar hy in twee Herenigingskomitees gedien het) het hy op die diepe teleurstelling oor die uitslag van die kongres gewys. Veral omdat dit die hereniging van volksgenote met dieselfde taal, geskiedenis en tradisie nie kon beredder het nie.[61]

**Die bevestiging van E.G. Jansen se politieke leiersrol in Natal, 1920 - 1924**

Die sesde jaarkongres van die Natalse N.P. vanaf 20 Oktober 1920 te Greytown, het Jansen se leiersrol in die Natalse Afrikanerpolitiek bevestig. Hy is met 'n meerderheid van twee stemme tot voorsitter van die Sentrale Bestuur verkies. Jansen het hierop voorgestel dat die ampte van provinsiale partyleier en voorsitter van die kongres geskei moes word. Op grond van hierdie voorstel is Jansen tot leier en A.T. Spies tot voorsitter verkies.[62]

Die algemene verkiesing van 1921 het aan Jansen die geleentheid gebied om sy politieke loopbaan te laat realiseer. Die Eerste Minister het gerugte oor 'n vroeë verkiesing bevestig toe hy op 26 November 1920 aangekondig het dat 'n algemene verkiesing op 8 Februarie 1921 gehou sou word. Die Natalse N.P.-ampsdraers het hierdie onverwagte kans met geesdrif aangegryp.[63] Jansen het sy partygenote aangemoedig om die verkiesingstryd met kalmte en vaberadenheid tegemoet te gaan.[64]

Die Natalse Sentrale Bestuur van die N.P. het op 3 Desember te Glencoe vergader om 'n verkiesingstrategie te bespreek. Op 30 Desember het die Party kandidate in Vryheid, Newcastle, Zoeloeland, Dundee, Ladysmith en Umvoti genomineer.[65]

Genl. Smuts het die Natalse verkiesingstryd persoonlik ingelui deur op Oujaars- en op Nuwejaarsdag vergaderings in Vryheid en Paulpietersburg toe te spreek. Adv. Jansen het op beide vergaderings vir Smuts met vrae geteister. Volgens Jansen het Smuts se besoek aan Vryheid bewys dat die S.A.P. onseker was oor Emmett, die sittende L.V., se posisie. Hierteenoor het Jansen alles in die stryd gewerp om die verkiesing te wen.[66]

Die dorp se Magistraat het kort na 17:00 op 9 Februarie 1921 die uitslag van die setel voorgelees: "Toe dit bekend word dat die Nasionale kandidaat die meerderheid behaal het, was die vreugde van die Nasionaliste grenseloos. Hulle het die kandidaat dadelik gepak en onder groot gejuig rondgedra."[67]

---

58. *Die Afrikaner,* 24-8-1920: Hoofartikel.
59. *Die Afrikaner,* 27-8-1920 en 3-9-1920: Berigte, en 17-9-1920: Hoofartikel.
60. *Die Afrikaner,* 27-8-1920; 7, 10 en 17-9-1920: Hoofartikels, en 24-9-1920: Berig; vgl. D.J.J. Coetsee, 'Mislukte herenigingspogings tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party, *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds), *op. cit.* p. 373 e.v.
61. *Die Afrikaner,* 28-9-1920: Hoofartikel.
62. I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/2: Notule van kongressitting, 20-10-1920; en lêer 1/2/2/1/1: Naamlys van die Sentrale Bestuur, Oktober 1920; *Die Afrikaner,* 26-10-1920: Berig.
63. C. Marais, 'Die verkiesingstryd van 1921', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *op. cit.,* p. 406; vergelyk *Die Afrikaner,* 26-11-1920: Hoofartikel.
64. *Die Afrikaner,* 30-11-1920: Hoofartikel.
65. I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/2: Notule van Sentrale Bestuur, 3-12-1920; *Die Afrikaner,* 7-12-1920, 4-1-1921: Berigte.
66. *The Natal Witness,* 4 en 29-1-1921: Reports; *Die Afrikaner,* 7-1-1921: Hoofartikel en berig.
67. *Die Afrikaner,* 18-2-1921: Berig.

Jansen se oorwinning in Vryheid was die eerste N.P.-sege in Natal.[68] Die oorwinning met 'n skrale meerderheid van drie stemme, het die Nasionaliste in rep en roer gehad en die S.A.P. beweeg om 'n petisie by die Natalse Hooggeregshof te laat indien om die verkiesing ongeldig te verklaar. Cadle van Vryheid en die Sentrale Bestuur van die N.P. het kollektelyste versprei om geld vir regskoste te betaal.[69]

Die aand na die verkiesing is die Jansens deur N.P.-ondersteuners op 'n eetmaal onthaal. Die N.P.-vroueaksie van Vryheid het 'n adres aan adv. Jansen oorhandig, waarna hy en andere toesprake gehou het. Die volgende aand het 'n groep ondersteuners die egpaar met ovasie op die stasie afgesien.[70] Dit was een van die tallose treinritte wat hulle tussen Pietermaritzburg en Vryheid sou aflê, aangesien die Jansens in die Natalse hoofstad bly woon het. Na sy tuiskoms het hy gesê dat hy geëerd gevoel het oor die verkiesing se uitslag en op die kiesers van die Vryheidse kiesafdeling trots is.[71] Jansen het hom ten doel gestel om sy bes vir hierdie kiesafdeling te doen en om sy meerderheid in 'n volgende verkiesing aansienlik te vergroot.[72]

Jansen se lewenspatroon en gemeenskapsaktiwiteite moes na sy verkiesing as volksraadslid by sy parlementêre verpligtinge ingepas word. Hy het die betrekking as redakteur van *Die Afrikaner* neergelê en J.A. Smith het hom opgevolg.[73] Sedert dié datum tot in 1924 met sy verkiesing as speaker het hy as Provinsiale leier van die Nasionale Party, as lid van die Kommissie van Toesig oor *Die Afrikaner* en deur sy invloed in die Saamwerk-Unie, steeds gepoog om intekenare vir die blad te werf. Jansen het ook gepoog om die aandele waarvoor die Party na die oorname deur Nasionale Pers verantwoordelik was, verkoop te kry. Ten tye van die sewende jaarkongres, op 18 Oktober 1921, het hy ook die versoek van Nasionale Pers ondersteun om intekenare vir 100 pond per jaar vir twee jaar te verkry, om sodoende die winsgewendheid van die nuusblad te verhoog. Hy het *Die Afrikaner* as die "Long Tom" - 'n gedugte wapen - in die Natalse politieke stryd bestempel, wat om hierdie rede ondersteun moes word.[74]

Jansen se bedrywige program het verder soos volg daar uitgesien. Hy is vroeg in Maart na Kaapstad vir die parlementsitting en het eers in Julie weer na Natal teruggekeer, waarna hy sy politieke verpligtinge in Natal moes nakom. Hy was byvoorbeeld van 21-25 Julie in Vryheid, op 27 Julie in Glencoe vir die Natalse Hoofbestuursvergadering en op 24 Augustus in Pretoria vir 'n vergadering van die Federale Raad van die Nasionale Party.[75] Nadat hy nouliks ses dae tuis was, het hy weer na Vryheid vertrek om 'n prokureursbesigheid daar te open wat hy met tussenposes beman het. Hierdie besigheid het later as Jansen en Rossouw bekend gestaan.[76]

Gedurende die volgende paar jaar het Jansen as enigste Nasionale Party Volksraadslid 'n veldtog geloods om die party se vooruitgang te probeer bevorder. Jaar na jaar het hy uitgelese Nasionaliste uit die ander provinsies op politieke kruistogte deur Natal geneem. Die toenemende belangstelling wat die Natallers in Nasionale Partysake getoon het, kon nouliks aan ander faktore as juis hierdie politieke stryddae van Jansen toegeskryf word. Die onindrukwekkende uitslae van die Natalse Nasionaliste by die stembusse kan sekerlik nie as maatstaf vir hierdie politieke werksaamhede van Jansen gesien word nie. Die volgende byeenkomste dien as illustrasie vir hierdie pogings van Jansen om as koördineerder van N.P.-belange op te tree.

---

68. Vergelyk E.H. Brookes en C. de B. Webb (reds.), *A history of Natal* (Durban, 1979), p. 270.
69. *Die Afrikaner*, 8-2-1921, 11-2-1921, 22-3-1921, 29-4-1921: Berigte; *The Natal Witness*, 10-2-1921: Report; I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/2/3/3/1/2: Notule van Sentrale Bestuur, 28-7-1921.
70. *Die Afrikaner*, 18-2-1921: Berig.
71. *Die Afrikaner*, 1-3-1921: Stadsnuus.
72. *Die Afrikaner*, 15-2-1921: Brief E.G. Jansen.
73. *Die Afrikaner*, 18-3-1921: Stadsnuus.
74. *Die Afrikaner*, 12-8-1921, 14-9-1921, 24-10-1921: Berigte; I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/2: Notule van Sentrale Bestuur, 17-10-1921 en Notule van kongressitting, 18-10-1921.
75. *Die Afrikaner*, 4-3-1921; 28-6-1921; 22 en 26-7-1921; 23-8-1921: Berigte, Stadsnuus.
76. *Die Afrikaner*, 26-8-1921; 6-9-1921; 27-8-1926: Stadsnuus, Plaaslike Varia, Nuus uit Vryheid.

Genl. Hertzog en kol. Creswell het in September 1922 vriendskaplike samesprekings gevoer om 'n gesamentlike aanval op genl. Smuts se regering gedurende die volgende verkiesing te loods. Terselfdertyd moes Smuts hom na Natal haas om 'n broeiende opstand in sy party te probeer demp. Jansen het die Eerste Minister se dilemma vir politieke munt uitgebuit. Soos 'n ware demagoog het hy die kontensieuse Indiërvraagstuk in Natal voor Smuts se deur gelê, met die beskuldiging dat die regering nie 'n toepaslike beleid vir hierdie probleem gehad het nie.[77]

In dié politieke klimaat het Jansen 'n reeks goed ondersteunde openbare vergaderings in Natal gehou.[78] In Pietermaritzburg het 'n goeie ontvangs hom te beurt geval. Hy het na die verbasende kentering in die openbare mening van veral die Engelssprekende publiek sedert 1919 verwys. Ten tye van die ontvangs van die Vryheidsdeputasie in 1919 het Engelssprekendes die Nasionaliste met eiers bestook. In 1922 was dit vir Jansen duidelik dat van hulle teen die Smutsregering gekant is. Volgens *Die Afrikaner* het Jansen die Engelssprekendes 'n guns bewys deur die N.P.-beleidsrigting aan hulle te verduidelik.[79] Jansen het in dié tyd nie net op groot openbare vergaderings gekonsentreer nie, maar ook op winkelstoepe, in huise en by myne, vergaderings gereël en toegespreek.[80]

Op 18 Oktober 1922 het Jansen, voor ongeveer 50 afgevaardigdes, die agste jaarkongres van die Natalse N.P. te Utrecht geopen. Hy het onder meer verwys na die dringende noodsaaklikheid om belangstelling in Partysake te kweek, ten einde sukses by die stembusse te behaal. J. Brand Wessels het die groete van Hertzog en die Vrystaat op die kongres oorgedra. Die nuwe Sentrale Bestuur het uit Jansen (leier), A.T. Spies (voorsitter), A.I. Nel (ondervoorsitter), J.J. Muller, J.C. Adendorff, G.T. van Rooyen en G. van Rensburg bestaan. Jansen, J.J. Muller en A.T. Spies is as verteenwoordigers op die Federale Raad herkies. Jansen het die kongres afgesluit met die gedagte dat dit die plig van elke Partyondersteuner is om in sy tak te werk. Dit was volgens hom die prys vir vryheid wat elke landsburger behoort te betaal.[81]

Jansen het ongeveer 'n week voor die aanvang van die parlementsitting in Januarie 1923 vir adv. Tielman Roos en Oswald Pirow, Piet de Lange en Harm Oost van die Transvaal, op 'n blitsbesoek na Natal genooi. Die vurige adv. Tielman Roos het goed ondersteunde vergaderings in Pietermaritzburg en Durban toegespreek, waartydens hy die N.P.-beleid aan Natallers verduidelik het.[82]

*Die Afrikaner* het op sy beurt gepoog om 'n milieu te skep waarin die Nasionale Party kon gedy. Daar is gewag gemaak van die merkbare verandering in politieke sienswyses ten gunste van N.P.-beleidsrigtings in Natal en dat die S.A.P.-Unioniste bondgenootskap wat in Natal so sterk gestaan het, gewankel het. Die blad het sy lesers daarop gewys dat Natallers van die regering ontslae wou raak en dat 'n politieke heil in die bondgenootskap van Hertzog en Creswell gelê het.[83]

In hierdie politieke klimaat waar Smuts se opposisie gehoop het dat sy politieke son vinniger moes sak, het Jansen die bogenoemde propagandaveldtog gedurende Julie 1923 met 'n organisasiereis verskerp. Hy het C.W. Malan, die organiserende sekretaris van die N.P. in Kaapland, en W.A. Hofmeyr, die algemene bestuurder van Nasionale Pers, gekry om elf openbare vergaderings in Natal toe te spreek. Hierdie manne het hulle ervaring van partyorganisasie aangewend om die N.P. se beleid te propageer, nuwe lewe in die trae Natalse Nasionaliste te blaas en die N.P.-organisasie in Natal op te knap. *Die Afrikaner* het soos 'n refrein tydens hierdie organisasiereis die noodsaaklikheid van goeie partyorganisasie beklemtoon, ten einde

77. *Die Afrikaner,* 5-9-1922: Hoofartikel.
78. *Die Afrikaner,* 3, 6, 10, 17 en 20-10-1922: Berigte.
79. *Die Afrikaner,* 6-10-1922: Hoofartikel en berig.
80. *Die Afrikaner,* 17-10-1922: Hoofartikel en berig.
81. I.N.E.G: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/3: Notule van kongressitting, 18-10-1922; *Die Afrikaner,* 20 en 24-10-1922: Berigte.
82. *Die Afrikaner,* 5 en 9-1-1923: Berigte.
83. Vgl. *Die Afrikaner,* 19-12-1922; 27-3-1923; 24 en 27-4-1923: Hoofartikel en berigte.

sukses by die stembusse te behaal.[84]

Jansen het die Pietermaritzburgse N.P.-tak, wat in daardie stadium 121 lede sterk was, oor die groei en ontwikkeling van die N.P. toegespreek. Hy het die feit beklemtoon dat die Party sedert sy ontstaan snel gegroei het. Hy het ook die verwagting gekoester dat 'n N.P.-arbeidersparty ooreenkoms by die volgende verkiesing, deur goeie organisasie, die meerderheid behoort te behaal.

Tydens hierdie vergadering het mev. Mabel Jansen, eweneens 'n vurige N.P.-ondersteuner, die kiemgedagte van 'n nuwe ontwikkeling in die Natalse N.P.-organisasie ingedra. Sy het die wenslikheid van die stigting van vrouetakke verduidelik, ten einde die N.P. se organisasie te help verbeter. Hierdie ideaal het sy 'n jaar later verwesenlik. Dit was 'n betekenisvolle ontwikkeling wat die politieke emansipasie van die Natalse vroue voorafgegaan het, aangesien vroue eers met die Vrouestemregwet, Wet 18 van 1930, stemreg ontvang het.[85]

Aan die hand van hierdie bogenoemde organisasiereis kon die stand van die N.P. in Natal gepeil word. Hoewel die bogenoemde twee Kapenaars Natal as 'n vrugbare veld van bearbeiding gevind het, het hulle tekens van verslapping teëgekom. Dit het die noodsaaklikheid van gereelde bearbeiding deur 'n voltydse organiserende sekretaris vir hulle beklemtoon. Die feit dat Nasionaliste slegs een van die sewentien Natalse setels beheer het, kon ondersteuners sonder intense organisasie ontmoedig het. Dié Kapenaars het 'n beroep op die N.P.-ondersteuners gedoen om die Sentrale Bestuur geldelik te ondersteun, ten einde te verseker dat 'n organiserende sekretaris aangestel kan word.[86]

Jansen het ook nie geskroom om die Nasionaliste oor die "dooierige" en "treurige" wyse waarop hulle partysake bejeën, te kapittel nie: "Dinge kan onmoontlik so aangaan. En die tye is swaar. Ek weet dat ons lede byna almal boere is wat in hierdie tye hard moet sukkel, maar as dit ons erns is met ons Party, dan moet ons tog iets vir hom oor hê. Dan moet ons tog in elk geval die eenvoudigste pligte nakom wat op ons as ampsdraers in die Party rus. Ons weet nie wanneer 'n verkiesing skielik op ons afkom nie. As ons onverskillig bly, dan sal ons maar 'n swakke figuur as Party slaan. Ons teenstanders organiseer kragtig oor die hele land. Hulle hou bazaars en samel fondse in. Hulle doen dit ondanks die feit dat hulle die kapitalistiese mag en pers agter hulle het. Hoeveel te meer noodsaaklik is dit vir ons om wakker te wees en ons voor te berei. Ons kan onmoontlik op die dooierige manier voortgaan. Daar moet verandering kom."[87]

Die gerugte van 'n verwagte vroeë algemene verkiesing, die druk van Partyleiers op hul trae Partygenote en die klem wat op goeie partyorganisasie gelê is, het die Natalse Nasionaliste laat ontwaak.

Die verhouding tussen die twee blanke taalgroepe in Natal het ook 'n gesindheid van groter verdraagsaamheid en 'n gees van toenadering getoon. Die Engelssprekendes het begin besef dat die Afrikaanssprekendes hul regmatige groepsregte het om te handhaaf.[88] In hierdie gees het Jansen en ander Sentrale Bestuurslede in September 1923 'n Nasionale Partytak in Durban gestig. By dié geleentheid het Jansen daarop gewys dat albei volke op hul verlede, afkoms en geskiedenis trots is. Hierdie volkstrots het in die verlede individue in botsing gebring omdat woorde, soos 'eiesoortige aard' en 'groepsbelange' verkeerd gebruik is.[89] Die toenaderingsmotief het 'n maand later weer opgeduik.

In die lig van die strawwe nie-amptelike verkiesingsveldtog het Jansen vir Hertzog oorreed om Natal gedurende Oktober 1923 te besoek. In 'n stampvol stadsaal het die Durbanse Nasionaliste Hertzog met die liedjie, "Want hy is 'n lekker kêrel", ver-

---

84. Vgl. *Die Afrikaner,* 8, 12, 15, 22 en 26-6-1923; 3 ,6, 10, 13, 17, 20 en 24-7-1923: Hoofartikels en berigte; C.W. Marais, ''n Politieke magsverskuiwing 1921-1924', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *op. cit.,* p. 528.
85. *Die Afrikaner,* 29-6-1923: Berig; vgl. D. Marais, *South Africa: constitutional development, a multidisciplinary approach* (Johannesburg, 1989), p. 166.
86. *Die Afrikaner,* 17-7-1923: Berig.
87. *Die Afrikaner,* 4-9-1923: Oproep van adv. Jansen.
88. *Die Afrikaner,* 17-7-1923: Berig.
89. *Die Afrikaner,* 21-9-1923: Berig.

welkom. Jansen het onder toejuiging vir Hertzog voorgestel en gesê dat die muur van vooroordeel tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes afgebreek moet word. Hy het gesê dat die liefde vir Suid-Afrika alle groepe moet bind. Die Generaal is die volgende aand ook in 'n stampvol stadsaal in Pietermaritzburg toegejuig.[90]

Op 24 Oktober 1923 het Hertzog die negende jaarkongres van die Natalse N.P. te Dundee geopen. Daar was ongeveer 24 takke waaronder drie Vrouetakke, te wete Pietermaritzburg, Vryheid en Utrecht, teenwoordig. Hertzog het na die radikale politieke verandering verwys wat hy in Natal teëgekom het. Dit het die indruk gewek dat daar baie Engelssprekendes was wat, ten spyte van die sesessie-kreet van die S.A.P., die N.P. 'n kans gegee het.[91]

Die Provinsiale Raadverkiesing wat in November plaasgevind het, het die teendeel bewys. Boonop het die traagheid, gebrek aan belangstelling en gepaardgaande wegblystemme van Nasionaliste in Vryheid en Utrecht, waar die N.P. kandidate gestel het, kommer gewek. Na die bogenoemde omvangryke organisasie- en propagandaveldtogte was die negatiewe uitslae in Vryheid en Utrecht vir Jansen 'n teleurstelling.[92]

Ten spyte van hierdie terugslag het adv. en mev. Jansen vir twee weke gedurende November vergaderings in sy kiesafdeling toegespreek. Die reis is veral met die oog op die stigting van N.P.-vrouetakke onderneem. Jansen was vroeg in Januarie 1924, voor sy vertrek na Kaapstad vir die parlementsitting, nog steeds met die stigting van nuwe takke besig.[93]

Die politieke spanning in die land was nog steeds besig om op te laai. In die Parlement het die doeltreffende samewerking van die opposisiepartye dit vir die Smutsfalanks al moeiliker gemaak om rustig te regeer. Buite die Parlement was al die partye inderdaad ook hard besig om hulle weer eens vir 'n "vervroegde" algemene verkiesing voor te berei. Weliswaar het 'n paar tussenverkiesings gedurende die eerste maande van 1924, waarin Natal (Umvoti) ook sy deel gehad het, die Smutsregering se meerderheid in die Volksraad op die spits gedryf.[94] Vir Jansen het hierdie ontwikkeling as stimulus gedien om die Natalse Nasionaliste harder aan die werk te kry.

Die tussenverkiesing in Umvoti het op die afsterwe van sir George Leuchars gevolg en het in die bogenoemde politieke klimaat groot belangstelling uitgelok. Jansen het die nominasievergadering van Adriaan Nel in Greytown bygewoon en die samewerking van alle Umvoti-Nasionaliste gevra. Hy het ook die laaste tien dae van die verkiesingsveldtog meegemaak, in 'n poging om die N.P.-ondersteuners tot sukses te voer. Hoewel die S.A.P. se 1921-meerderheid met 218 stemme gedaal het, het hulle die setel met groot blydskap behou.[95] *Die Burger* het hierdie blydskap van die S.A.P.-ondersteuners met die blydskap van naasbestaandes oor die "laaste terugkerende asemhalings" van 'n sterwende man vergelyk.[96]

Die tussenverkiesing in Wakkerstroom het hierdie ongewone vergelyking van *Die Burger* 'n werklikheid gemaak. Die S.A.P. as "sieklike ryk man" het na hierdie verrassende neerlaag in Wakkerstroom as regerende party "gesterf".[97] Smuts het na hierdie neerlaag as eerste minister bedank, omdat hy na die Wakkerstroomuitslag getwyfel het of hy nog die ondersteuning van die volk gehad het.

---

90. *Die Afrikaner,* 9, 23 en 26-10-1923: Berigte.
91. *Die Afrikaner,* 26-10-1923: Hoofartikel en berig.
92. *Die Afrikaner,* 19-11-1923: Berig.
93. *Die Afrikaner,* 4-12-1923; 18 en 22-1-1924: Berigte.
94. C. Marais, 'Die Nasionale Party en die 1924-verkiesing', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *op. cit.,* p. 535 e.v.; *Die Afrikaner,* 12 en 19-2-1924: Hoofartikels.
95. *Die Afrikaner,* 22 en 29-2-1924; 18, 21, 25 en 28-3-1924: Hoofartikels en berigte; *Die Burger,* 25-3-1924: Berig.
96. *Die Burger,* 19-3-1924: Hoofartikel; vgl. C. Marais, ''n Politieke magsverskuiwing 1921-1924', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *op. cit.,* p. 541.
97. Vgl. *Die Afrikaner* 1 en 8-4-1924: Hoofartikels.

Hierdie aankondiging van Smuts in die parlement het as 'n groot verrassing gekom. Te midde van onsekerheid oor watter planne "slim Jannie" in die mou gevoer het, het die Natalse Nasionaliste hul strydkragte vir die komende algemene verkiesing gemonster.[98]

Intussen het mev. Jansen 'n politieke pionierstog in Natal onderneem ten einde die N.P.-vrouetakke vir die komende verkiesingsveldtog te mobiliseer.[99] Adv. Jansen het ook die dames aangemoedig om takke te stig, veral met die oog op die eerste N.P.-Vrouekongres wat op 23 April 1924 sou plaasvind. Hy het die feit benadruk dat Hertzog beloof het om hierdie Vrouekongres by te woon. Dié kongres het, in die gees van die regering se bedanking, in belangrikheid toegeneem. Hertzog se besoek, sestien dae na hierdie dramatiese gebeurtenis, moes die provinsie ook vir 'n verkiesing voorberei.[100]

Jansen en sy besoekers het alreeds op 17 April na Vryheid vertrek, omdat die Bestuurder van 'n katoenmaatskappy vir Hertzog na katoenvelde in Zoeloeland genooi het.[101]

Die geselskap - Hertzog, Jansen , senator Brebner en N.C. Havenga - is op 22 April by hul terugkoms van die katoenvelde, op 'n luisterryke wyse deur die Vryheidse Nasionaliste ontvang.[102]

Hierdie optrede van die mans het nie die Vroue Nasionaliste se eerste kongres, te Vryheid, in die skadu gestel nie. Op 23 April het sewentien N.P.-vrouetakke, met ewe sterk patriotisme onder leiding van mev. Jansen, in 'n stampvol saal vergader. Genl. Hertzog, adv. en mev. Jansen, het die vroue toegespreek.[103]

Die 1924-verkiesingskampanje van die Natalse N.P. het onder die wakende oog van adv. Jansen uit hoofsaaklik 'n drieledige strategie bestaan. Eerstens het 'n organiserende komitee bestaande uit Pietermaritzburgers, te wete die Jansens en J. Ferreira en J.A. Smith, die verkiesingstryd gekoördineer en organisatories aangewakker.[104] Die tweede faset van die veldtog moes hierdie oorhoofse aksie aangevul het. Dit was 'n intenser bearbeiding van kiesers op individuele grondslag. Volgens Jansen het hulle in die vorige verkiesingsveldtogte te veel op vergaderings gekonsentreer. Die nuwe werwingsmetode wat hy voorgeskryf het, het daarop berus dat elke kieser in elke kiesafdeling persoonlik bearbei moes word. Daar moes ook reëlings getref word dat elke gewerfde kieser wel stem. Derdens moes die gees van oordrewe selfversekerdheid en optimisme wat by sommige Nasionaliste bestaan het, met 'n tikkie matigheid, tot groter realisme gestem word. Jansen het 'n voorspelling oor die verkiesing as gewaag beskou. Hy het die mening, dat die Nasionaliste en die Arbeidersparty op die vooraand van 'n oorwinning gestaan het, as te optimisties bestempel.[105]

Die Natalse Nasionaliste het op 22 Mei in vyf setels - Vryheid, Newcastle, Kliprivier, Umvoti en Zoeloeland - kandidate genomineer.[106]. *The Natal Witness* het die uitslag van die Vryheidsetel as van groot belang in die Natalse verkiesingstryd beskou, omdat die S.A.P. Jansen se naelskraapse oorwinning in 1921 wou wreek.[107]

Suid-Afrikaners het hul derde Volksraadverkiesing in die bestek van vier-en-'n-half-jaar tegemoet gegaan, maar in plaas van 'n verkiesingsmoegheid was die land in rep en roer. Elke party het sy uiterste bes gedoen om stemme te werf.[108]

---

98. *Die Afrikaner,* 8, 11 en 15-4-1924: Hoofartikels, berigte en personderhoud met adv. Jansen.
99. *Die Afrikaner,* 11, 14 en 18-4-1924 en 4-4-1924: Berigte.
100. *Die Afrikaner,* 4-3-1924; 8 en 11-4-1924: Oproep van Jansen en berigte.
101. *Die Afrikaner,* 18-3-1924: Berig.
102. *Die Afrikaner,* 25-4-1924 en 2-5-1924: Berigte.
103. *Die Afrikaner,* 25 en 29-4-1924: Berig.
104. *Die Afrikaner,* 1 en 8-4-1924: Hoofartikel, berig en brief van E.G. Jansen.
105. *Die Afrikaner,* 15-4-1924: Hoofartikel en personderhoud met Jansen.
106. I.N.E.G.: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/3: Notule van Sentrale Bestuur, 24-4-1924: *Die Afrikaner,* 23-5-1924: Berig.
107. *The Natal Witness,* 19-6-1924: Report.
108. C. Marais, 'Die Nasionale Party en die 1924-verkiesing', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *op. cit.,* p. 547 e.v.; vgl. *Die Afrikaner,* 17-6-1924: Hoofartikel.

*Die Afrikaner* het op verkiesingsdag, 17 Junie 1924, die hoopvolle versugting gehad dat die dag nog sal aanbreek wanneer 'n Nasionale "Volksregering", vry van kapitalistiese beïnvloeding, sal regeer.[109] 'n Week later het die vurige Natalse N.P.-spreekbuis met blydskap berig dat die volkswil, deur die oorwinning van die verkiesingsooreenkoms of Pakt tussen die N.P. en die Arbeidersparty, geseëvier het.[110]

In Natal is die Nasionaliste weer eens deur die S.A.P. verslaan. Teenoor die S.A.P. se 13 setels en die Arbeiders se drie setels, het slegs Jansen uit die N.P.-geledere die paal gehaal. Jansen het die S.A.P.-kandidaat, B.J.E. Human, met 176 stemme verslaan.[111]

Die Natalse Engelssprekendes het swaar gesluk aan die feit dat die S.A.P. in die pas afgelope verkiesing in die res van die land, soos 'n gevelde boom voor die N.P. geval het. Die feit dat hierdie politieke ommekeer met die Natalse Setlaarseeufeesvierings saamgeval het, het hul Britse patriotiese eer gekrenk.[112] 'n Verslaggewer van *The Natal Witness* het dié politieke verandering wat deur die verkiesing ingelui is, treffend verwoord. Hy het die verkiesingsgeesdrif van 'n skare in Pietermaritzburg met die eierbestoking van die lede van die 1919-Vryheidsdeputasie vergelyk: "To hear the cheers for the Nationalist leader in a British stronghold like Maritzburg made one marvel and dimly reflect that it was not so long ago that in this very town some of the very men who were now yelling with delight at the prospect of a Nationalist Premier, had to use the Africander expression, 'thrown him with rotten eggs' at the Natal Creamery!"[113]

Smuts se regering het op Maandag, 23 Junie 1924, bedank. Op dieselfde wintersdag het Hertzog op versoek van die Goewerneur-generaal na Pretoria gereis om 'n kabinet saam te stel.[114] Hertzog het sy luitenante - N.C. Havenga, C.T.M. Wilcocks, D.F. Malan, F.W. Beyers en E.G. Jansen - ook na Pretoria vir die samesprekings genooi.[115]

*Die Afrikaner* het met onverbloemde Natalse patriotisme 'n saak begin verdedig wat lank 'n tere punt vir Natalse Nasionaliste sou wees. Na aanleiding van gissings oor verteenwoordiging van al die provinsies in die nuwe kabinet, het *Die Afrikaner* daarby ingeval. Die blad het verklaar dat die nuwe Eerste Minister dit kon doen, omdat daar in elke provinsie uiters bekwame persone was. Die feit dat Natal net een Nasionalis in die Volksraad gehad het, was volgens die redakteur geen probleem nie omdat Jansen een van die beste en bekwaamste lede was wat Natal nog as verteenwoordiger in die Volksraad gehad het.[116]

Hertzog se kabinet wat op 30 Junie aangekondig is, het uit vier Transvalers, drie Kapenaars, twee Vrystaters en een Nataller (T. Boydell, die Arbeiderspartylid vir Durban) bestaan.[117] Jansen was die enigste provinsiale N.P.-leier wat nie ook 'n kabinetslid was nie. Hy het op versoek van Hertzog nie op 'n kabinetspos aangedring nie, sodat Transvaal sy proporsionele kabinetsverteenwoordiging volgens sy getal volksraadslede kon kry. Hertzog het die speakersamp vir Jansen aangebied, met die belofte dat hy hom later in die kabinet sou opneem.[118]

---

109. *Die Afrikaner,* 17-6-1924: Hoofartikel; vgl. *Die Burger,* 28-3-1924: Hoofartikel.
110. *Die Afrikaner,* 24-6-1924: Hoofartikel; vgl. ook C. Marais, 'Toenadering en samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *op. cit.,* pp. 498-501.
111. Vgl. *The Dundee and District Courier,* 20-6-1924: Report; *The Natal Witness,* 20-6-1924: Report; *Die Afrikaner,* 24-6-1924: Berig.
112. *The Natal Witness,* 20-6-1924: Report; *The Natal Mercury,* 19 en 30-6-1924: Editorial.
113. *The Natal Witness,* 20-6-1924: Report; vgl. ook 19-6-1924: Editorial.
114. C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog* (Johannesburg, 1944), pp. 456, 516.
115. *Die Afrikaner,* 24-6-1924: Berig.
116. *Die Afrikaner,* 27-6-1924: Hoofartikel.
117. C.M. van der Heever, *op. cit.,* p. 459.
118. *Die Afrikaner,* 1-7-1924: Hoofartikel; vgl. C. Marais, 'Die Nasionale Party en die 1924-verkiesing', *in* O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *op. cit.,* pp. 581-582; *The Natal Mercury,* 30-6-1924: Editorial.

Die Natalse Sentrale Bestuur het op 10 Julie Jansen se weergawe oor hierdie kwessie aangehoor. Na afloop van 'n indringende bespreking hieroor het hierdie bestuur met teleurstelling aanbeveel dat Jansen die speakersamp aanvaar, op voorwaarde dat Hertzog sy belofte nakom sodat hy later in die kabinet opgeneem kon word. Die Sentrale Bestuur het hierdie aanbeveling gegrond op die feit dat hulle van mening was dat die N.P. se stryd die moeilikste in Natal is. Hulle was ook van mening dat Jansen alles in sy vermoë gedoen het om die N.P. in Natal gevestig te kry, en dat die ander provinsies weinig hulp verleen het om hierdie taak te vergemaklik. Die Sentrale Bestuur het gevoel dat hulle 'n stiefmoederlike behandeling van die N.P. ontvang het. Hulle het ook waardering uitgespreek vir die feit dat A.T. Spies na Pretoria gereis het om Hertzog te probeer oortuig om Jansen tog in die kabinet op te neem.[119]

Hierdie teleurstelling in die geledere van die Natalse Nasionaliste is ook in *Die Afrikaner* se beriggewing weerspieël. Die blad het verklaar dat "ons sou as mondstuk van die Nasionale Party ons aan pligversuim skuldig maak as ons [nie] uiting gee aan ons grote teleurstelling dat adv. Jansen nie in die Kabinet soos oorspronklik bedoel was, opgeneem is nie. Dit is vir ons nie nodig om oor die bekwaamheid en verdienste van hierdie alombekende en geliefde volksleier uit te wei nie ... maar ongelukkig moes met die verderflike gees van Provinsialisme ook in hierdie geval weer rekening gehou word. ... En hierdie optrede is oorsaak van groot ontevredenheid en teleurstelling onder die Nasionaliste van Natal. Hulle voel dat die Party sowel as hulle leier onreg aangedoen is deur die verteenwoordigers van die ander provinsies." Die blad was ook van mening dat hierdie "diepgevoelde grief" met die uitbreiding van die kabinet en die spoedige opname van Jansen, uit die weg geruim sou word.[120] 'n Verslaggewer van *Die Afrikaner* het kort hierna die nuwe ministers in die Uniegebou ontmoet. Die gemis van Jansen onder die nuwe ministers was vir hierdie verslaggewer nog steeds 'n tere saak.[121]

Selfs die gematigde Jansen het vrae oor sy uitsluiting uit die Pakt-kabinet met 'n tikkie gebelgdheid beantwoord. Hy het verklaar dat hy nie 'n politieke loopbaan "gesoek" het nie, maar dat hy in 'n vroeë stadium van sy lewe daarin "gesleep" is. Hy het ook verklaar dat dit beter is dat die mense gevra het waarom hy nié in die kabinet is nie, as om te vra op watter grond hy 'n kabinetspos gekry het, indien hy dit sou bekom het.[122]

**Slot: Die openbare beeld van E.G. Jansen se Natalse leiersrol na afloop van hierdie periode**

Ten spyte van die feit dat Jansen nie 'n kabinetspos beklee het nie, is hy gedurende hierdie periode deur Natallers gehuldig vir die openbare rol wat hy vervul het. Hierdie huldiging het uit die geledere van die Afrikaans- sowel as Engelssprekendes gekom.

*The Natal Mercury* het berig dat Jansen, in 'n groter mate as enigeen van die Pakt-ministers, die vertroue van die Engelssprekendes in die Unie geniet het.[123]

Op uitnodiging van die Pietermaritzburgse Vroue N.P.-tak het 'n groot vriendekring gedurende die eerste week van Julie op 'n gesellige wyse hulde aan adv. en mev. Jansen gebring. Die Gedenksaal was met die Partykleure getooi en die huldigingsprogram het uit huldeblyke, 'n adres, musiekitems en verversings bestaan. Hierdie Vrouetak het verklaar dat alhoewel hulle bewus was dat die Jansens nie van verheerliking gehou het nie, hierdie huldigingsgeleentheid uit erkenning vir die egpaar se rol as "leiers van die Natalse Afrikaners" gereël is.

---

119. I.N.E.G.: Natalse N.P.-versameling, lêer 1/3/2/2/1/3: Notule van die Sentrale Bestuur, 10-7-1924.
120. *Die Afrikaner,* 1-7-1924: Hoofartikel.
121. *Die Afrikaner,* 18-7-1924: Berig.
122. *Die Afrikaner,* 8-7-1924: Berig.
123. *The Natal Mercury,* 1-7-1924: Editorial. Vgl *Die Afrikaner,* 1-7-1924: Hoofartikel.

Uit hierdie huldeblyke wat gelewer is, tree 'n beeld van die Jansens se openbare rol na vore. Die Natalse Afrikaners het by monde van hierdie groep Pietermaritzburgers vir die egpaar se gemeenskapswerk op maatskaplike, taalkundige, kulturele en politieke gebied die hoogste waardering gehad.

'n Terugblik oor meer as twee dekades se gemeenskapsaktiwiteite het getoon dat hulle altyd padlangs geloop het en nie vir eie eer of geldelike gewin gemeenskapswerk gedoen het nie. Volgens 'n regter het adv. Jansen 'n groter inkomste as regsgeleerde prysgegee om politikus te word. Die Nasionaliste was ook trots op die politieke oorwinning waartoe adv. en mev. Jansen hulle deel bygedra het. Die rol wat Jansen as leier van die Natalse Nasionaliste gespeel het - naamlik die onbaatsugtige wyse waarop hy as voorste kampvegter van nasionalisme in Natal die stryd volgehou het - was vir die Natallers van onskatbare waarde. 'n Jeugkennis het verklaar dat daar lank gelede alreeds vir Ernest voorspel is dat hy een van Natal se grootste manne gaan word. 'n Senator het tydens hierdie huldigingsprogram voorspel dat Jansen baie gou 'n kabinetspos sou beklee.[124]

Die egpaar is ook hierdie aand met 'n dubbelloopgeweer vergelyk, omdat mev. Mabel Jansen haar eggenoot in alles bygestaan het. J.A. Smith het gemoedelik geskerts dat 'n mens nie aldag geweet het watter loop van hierdie geweer die kwaaiste geskiet het nie. Desnieteenstaande was hul huis 'n oase in 'n Britse vesting,[125] 'n plek wat 'n sinnebeeld van sy naam - "Welkom" - was: "Menige stille ongesiene daad van offervaardige hulpbetoon, dikwels miskien ten koste van persoonlike of huislike gerief gedaan, bly onverteld en onvermeld, maar nie vrugteloos nie en ook nie vergeet nie. Persoonlike omgang met u, en die invloed van u gasvrye huis, was 'n spoorslag vir meer as een volksgenoot om 'n beter burger en opregter Afrikaner te wees."[126]

Jansen is nege dae na hierdie huldigingsprogram deur Hertzog na Pretoria ontbied. Op 19 Julie het hy vir die parlementsitting na Kaapstad vertrek. Die eerste taak van hierdie nuutverkose Volksraad was om 'n speaker te verkies. Die 42-jarige Jansen is, sonder teenstem maar nie sonder protes van Smuts nie, as jongste speaker van die Volksraad verkies. Uit Pietermaritzburg het *Die Afrikaner* Jansen gelukgewens. Daar is met trots berig dat hy hierdie amp met bekwaamheid, waardigheid en onpartydigheid sou beklee, aangesien hy een van die knapste jong Afrikaners in die land is.[127]

---

124. *Die Afrikaner,* 8-7-1924: Berig en huldeblyke; vgl. T. Jacobs, *Martha Mabel Jansen (1889 tot 1979): 'n kultuuroorsig* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.E., 1981), p. 44 e.v.
125. Vgl. A.J. van Wyk, *Die Nasionale Party in Natal, Stigting en eerste verkiesing* (Johannesburg, 1981), p. 11.
126. *Die Afrikaner,* 8-7-1924: Huldeblyk.
127. *Die Afrikaner,* 6, 15, 18, 22 en 29-7-1924: Hoofartikel en berigte; *Unie van Suid-Afrika: Debatte van die Volksraad 2, 25 Julie - 6 Sept. 1924* (Cape Times, 1924), pp. 3-6.